Byvoegmiddel

Wenk van die Maand

Junie 2019

SPUITDRUPPEL NEERSLAE IS VAN KARDINALE BELANG VIR ONKRUIDDODER OPNAME

Dit word soms aangeneem dat sodra die druppel op die teiken beland het, die effektiwiteit van die onkruiddoder gewaarborg is. Dit is beslis nie die geval nie en die uitgerekte onkruiddoder opname proses moet aan gaan nadat die oortollige water uit die druppel neerslag verdamp het. Onkruiddoder opname moet dan onder ongunstige Suid-Afrikaanse weerstoestande, met uiterste temperatuur en humiditeit, plaasvind. Die voginhoud van die spuitdruppel neerslag is krities vir verhoogde opname. Een manier om die druppel vir ‘n verlengde tydperk vogtig te hou, is om herbenatters (bevogtigers) te gebruik.

Die voordele van herbenatters is al op ‘n vorige geleentheid bespreek, maar dit is belangrik om te verstaan dat herbenatters ‘n baie diverse groep byvoegmiddels is en dat produkkeuse die onkruiddoder werking sal bepaal. Herbenatters is gewoonlik nie alleen beskikbaar nie maar word soms in byvoegmiddel formulasie ingesluit.

Hoe werk hêrbenatters?

Herbenatters is chemikalieë wat die verdamping van die onkruiddoder druppel neerslag vertraag, of wat die vermoë het om vog uit die omgewing te onttrek. Deur dit te doen, word die druppel neerslag vir ‘n langer tydperk vogtig gehou, en daardeer word die opnametyd van die onkruiddoder verhoog.

Dit kan tot verhoogde opname en effektiwiteit van die onkruiddoder lei. Nie net word die opnametyd verleng nie, maar sekere herbenatters het ook die vermoë om toestande vir meer effektiewe opname te skep.

Is herbenatters altyd effektief?

Neem asseblief kennis dat onkruiddoders gewoonlik baie spesifiek is oor die tipe herbenatter wat gebruik kan word, en daar kan massiewe variasie in effektiwiteit tussen verskillende herbenatters wees.

Dit is met glifosaat bewys dat net sekere herbenatter-bevattende produkte wel die effektiwiteit van glifosaat verhoog. In dieselfde studie was sekere herbenatters neutraal en ander was selfs antagonisties teenoor glifosaat effektiwiteit gewees! Om die spuitdruppel neerslag vogtig te hou is nie die enigste belangrike faktor vir onkruiddoder opname nie. Die chemiese en fisiese eienskappe van die herbenatter is ook krities om optimale onkruiddoder opname te bewerkstellig. Die verkeerde herbenatter keuse kan die teenoorgestelde effek hê en die onkruidbeheer verlaag. Gebruik net herbenatter-bevattende byvoegmiddels wat ‘n bewysde werking het of wanneer die spesifieke onkruiddoder baat vind by ‘n vogtige neerslag.

Villa se mening

Villa glo in die gebruik van herbenatters, maar net indien die onkruiddoder deur hoë voginhoud druppel neerslae bevoordeel word. Dit is egter belangrik om die korrekte herbenatters, wat opname en onkruidbeheer sal verhoog, te gebruik. Onthou dat die verkeerde herbenatter antagonisties mag wees en kan selfs die beheer benadeel. Wees wys met die herbenatter keuse!

Kontak Brian de Villiers vir meer inligting oor byvoegmiddels en waterkwaliteit by 082 880 0974 of bdevilliers@villacrop.co.za

villa